DIE SKIPPERTJIE

Nuusbrief van Laerskool Park, Mosselbaai

2/2025 24 Januarie 2025

IN HIERDIE UITGAWE

UIT DIE KAJUIT
BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE
1. Interhuis-atletiek
2. D6 Connect-toepassing
3. Kwartaalprogram
4. Buitemuurse bedrywighede
5. Skooltye
6. Personeelverjaardae
7. Buite-aktiwiteite
8. Redenaarsinligtingsessie
9. Skoolfonds vir 2025

Die goue reël van respek: Doen aander wat jy aan jouself gedoen wil hê!

Afrikaanse woord van die week

Iesegrimmig: *Brommerig en maklik geïrriteerd. (Engels: Grumpy)*

2025 SKOOLKWARTALE

1ste: 15 Januarie – 28 Maart
2de: 8 April – 27 Junie
3de: 22 Julie – 3 Oktober
4de: 13 Oktober – 10 Desember

UIT DIE KAJUIT

Ons begin volgende week met ons eerste waarde van ons karakterbouprogram, nl. Respek. Vir my is respek sekerlik die waarde wat die bepalendste aspek vir ons lewens is. Die vraag is: Wat moet ons dan doen om respekvol te lewe? Ek het die volgende paar gedagtes bymekaargesit: Eerstens moet jy vir God respek hê, sodat jy besef dat daar iets groter as jy in hierdie wêreld is. Tweedens moet jy vir jouself respek hê voordat jy enigsins vir ander en hulle goed respek kan betoon. Voorbeeld: Iemand wat nie sy eie goed oppas nie, gaan definitief ook nie omgee vir ander s'n nie. Derdens moet 'n mens 'n bietjie vergeet van jou eie belange en ander mense in ag neem – dan sal jy dalk meer respek betoon. Voorbeeld: Indien jy grootliks kyk wat jy uit die lewe kan kry, gaan jy nie sommer op ander fokus nie. Vierdens is dit baie belangrik dat jy iemand anders se agtergrond en situasie in ag moet neem. Voorbeeld: Wanneer jy weet hoe hard iemand werk of probeer, ten spyte van terugslae of skade wat hy/sy gely het, sal jy dalk meer respek vir sy/haar situasie hê. Laastens moet ons so optree dat ons ander se respek verdien – nie op grond van watter werk ons doen of middele wat ons besit nie. Die geheim is om respek in ons alledaagse lewens uit te leef en om ook so 'n voorbeeld vir ons kinders te wees. Onthou altyd die goue reël van respek: *Doen aan ander wat jy aan jouself gedoen wil hê!* Mooi naweek.

Dr. André Smith

BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

1. Interhuis-atletiek

Baie dankie vir elkeen se ondersteuning by die Interhuis-atletiekbyeenkomste. Die leerders het in groot getalle deelgeneem wat goed was om te beleef. Baie dankie ook aan al die ouers wat van hulp was. Die volgende atlete het rekords verbeter:

- Miané Schutte: Spiesgooi, diskus, 150m hekkies en 75m hekkies – 0.12
- Jordan Sydon: 100m, 200m, 80m hekkies en verspring – 0.13
- Miguel Prins: Hoogspring en 200m hekkies – 0.13
- Milan Kotze: Gewigstoot en verspring – 0.13
- Elrie Brits: 1200m en verspring – 0.9
- Jané Brits: Verspring – 0.12
- Mia Rossouw: Hoogspring – 0.12
- Nina Marais: 200m hekkies 0.13
- Fourie Le Clus: 800m – 0.8
- JC Le Clus: 1200m – 0.11
- Cruden Briesies: 150m hekkies – 0.12
- Aaron Baron: 100m – 0.11 (ewenaar rekord)
- Senior Victrix Lodorum: Miané Schutte
- Senior Victor Lodorum: Miguel Prins

100% Parkies

Kontak ons:

Kaapweg 49 Mosselbaai
Posbus 96, Mosselbaai, 6500
Tel: 044 691 1020/1
Epos: navrae@lspark.co.za
www.parklaerskool.co.za

VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Ma, 27 Jan: o/13 Rugby- en netbalproewe
Fin. komitee vergadering
SBL vergadering
Wo, 29 Jan: Redenaarsopleiding
Sa, 1 Feb: Atletiek: Seksie B (Stadion)

BANKBESONDERHEDE

Naam: Laerskool Park Skoolfonds
Bank: First National Bank (FNB)
Rekeningnommer: 62035 761 081
Takkode: 210-314
Verwysing: Kind se naam, van en graad of toelatingsnommer

Ander atlete het ook van die rekords in die 2de of 3de plek verbeter. Baie geluk aan hierdie atlete en ook aan elkeen wat sy/haar beste gegee het. Dit is baie belangrik dat atlete wat vir die atletiekspan gekwalifiseer het nou hard sal oefen. Die volgende byeenkoms vind op Saterdag, 1 Februarie plaas.

2. D6 Connect-toepassing

Om kommunikasie by die skool te verbeter is ons besig om oor te skakel na die *D6 Connect*-kommunikasiestelsel. Alle ouers en leerders word op die stelsel geregistreer sodat kommunikasie en inligting maklik deurgestuur kan word aan u as ouer. Laai asb. die toepassing *(App)* vanaf u foon of rekenaar se *Play store* af en kies Laerskool Park as u skool van keuse. Maak asb. seker dat u die korrekte skool kies. Sien die logo onder.

d6 Connect
d6.co.za

Laerskool Park

3. Kwartaalprogram

Die kwartaalprogram is reeds aan u uitgestuur. Raadpleeg dit gerus om seker te maak dat u op hoogte van sake bly. Onthou egter dat dit onderhewig aan verandering is.

4. Buitemuurse bedrywighede

Moedig asb. u kind aan om so ver moontlik aan die aktiwiteite deel te neem. Raadpleeg asb. die buitemuurse rooster vir die oefentye van die verskillende aktiwiteite.

5. Skooltye vir 2025

Let asb. daarop dat die skooltye vanaf 2025 op Vrydae aangepas is:

- Graad RR en R: 07:30 – 12:15
- Graad 1: 07:30 – 13:00
- Graad 2, 3 en HBK: 07:30 – 13:30 (Vrydae – 13:00)
- Graad 4 – 7: 07:30 – 14:00 (Vrydae – 13:15)

NB!

6. Personeelverjaardae

Baie geluk aan die volgende personeel wat verjaar:
24 Januarie: Elmarie Knapp
Steven Saaidon

7. Buite-aktiwiteite

Binnenshuise krieket: Baie geluk aan Altus Poggenpoel wat, soos sy broer, Sias, tot die o/14 Eden-span verkies is vir deelname aan die interprovinsiale toernooi.
Tweekamp: Milané Belstead is tot die o.9B Eden-span verkies. Baie geluk!

8. Redenaarsinligtingsessie

Ouers van alle grade, asook graad 6 en 7-leerders wat belangstel om aan redenaars deel te neem, word uitgenooi na 'n inligtingsessie op 29 Januarie in die personeelkamer om 17:00.

9. Skoolfonds vir 2025

Skoolfonds vir 2025 is as volg vasgestel:

- **Graad 1 – 7:** **R13 200**
- **Graad R en RR:** **R13 500**

Ouers wat skoolfonds vooruit betaal teen einde Februarie ontvang 5%-korting op die jaar se skoolfondsrekening. Kontak Anneke Harmse vir enige navrae (sien die bankbesonderhede langsaan)

Adverteer in *Die Skippertjie* teen R100 per plasing per week. Advertensies word in A4-grootte onderaan die nuusbrief geplaas. Kontak vir Anneke Harmse om die betaling te reël. Advertensies kan aan juf. Karen by 060 7212 192 gestuur word. Advertensies moet in JPEG-formaat gestuur word.

Is jy 'n ouer wat wil hê dat jou kind **selfvertroue** ontwikkel en sy **Wiskunde potensiaal bereik**?

GrR - Gr6

Ek help kinders van alle vermoëns om hulle skoolwerk te bemeester, goeie begrip te ontwikkel en om 'n stewige basis vir later jare te bou.

VIR MEER INLIGTING:

Stuur 'n WhatsApp na **Annabelle**
082 773 0702

Ek sal graag die geleentheid wil hê om met jou kind te werk.

mikimaths

Vir die slim ouer en slim kind wat die waarde oor die langtermyn verstaan.

www.mikimaths.com

Respek bou sterk verhoudings!

PARK

VOLHARD - PERSEVERE

Karakter is om die regte ding te doen,
selfs as niemand kyk nie. ~ J.C. Watts

WEES WAARDE WENNERS